RPO
Nasionaal
National

Tel: (+27) 12 349 1102
Faks/Fax: (+27) 12 349 1054
E-pos/E-mail: rpo@lantic.net
Quinton Brandstraat 2 Quinton Brand Street
Eulophia Corner, PERSEQUOR PARK 0020
Posbus/PO Box 132
PERSEQUOR PARK 0020

BELANGRIKE INLIGTING RAKENDE DIE NUWE AFKONDIGING OOR BEK-EN-KLOUSEER

HOEKOM IS DIE NUWE REGULASIES VAN TOEPASSING ?

Die nuwe regulasies is afgekondig omdat die verspreiding van bek-en-klouseer steeds voorkom, soos gemeld in die opgedateerde statusverslag van DALRRD gedateer 5 September 2022.

Die Minister het nou sekere Siektebeheerareas (***DMA – Disease Management Areas***) afgekondig en dit sluit die volgende distrikte in :-

KwaZulu-Natal Siektebeheerarea (DMA)

(i) Die hele Big Five Hlabisa Plaaslike Munisipaliteit
(ii) Die hele Mtubatuba Plaaslike Munisipaliteit
(iii) Die hele Nongoma Plaaslike Munisipaliteit
(iv) Die hele Ulundi Plaaslike Munisipaliteit
(v) Die hele Hluhluwe Imfolozi Park

Limpopo Siektebeheerarea (DMA)

(i) Die noordelike grens is die internasionale grens tussen die Nwanedirivier en die Kruger Nasionale Park heining, terwyl die oostelike grens die Kruger Nasional Park grensheining is
(ii) Gedeelte van Musina Plaaslike Munisipaliteit oos van die Nwanedirivier

(iii) Die hele Thulamela Plaaslike Munisipaliteit

(iv) Die hele Collins Chabane Plaaslike Munisipaliteit

(v) Gedeelte van die Groter Giyani Plaaslike Munisipaliteit en Groter Letaba Plaaslike Munisipaliteit oos van die D3206 en noord van die Mooketsi/Giyani pad (R81) tot waar die R81 pad die Klein Letabarivier kruis en vandaar noord van die Klein Letabarivier tot by die grensheining van die Kruger Nasionale Park

Vrystaat Siektebeheerarea (DMA)

(i) Die hele Thabo Mofutsanyane Distriksmunisipaliteit wat insluit Dihlabeng Plaaslike Munisipaliteit, Maluti – a-Phofung Plaaslike Munisipaliteit, Mantsopa Plaaslike Munisipaliteit, Nketoana Plaaslike Munisipaliteit, Phumelela Plaaslike Munisipaliteit en Setsoto Plaaslike Munisipaliteit

(ii) Die hele Fezile Dabi Distriksmunisipaliteit wat insluit Mafube Plaaslike Munisipaliteit, Metsimaholo Plaaslike Munisipaliteit, Moqhaka Plaaslike Munisipaliteit en Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit

WAT IS 'N SIEKTEBEHEERAREA (DISEASE MANAGEMENT AREA – DMA)

Die nasionale Direkteur van Dieregesondheid kan enige gebied as 'n siektebeheerarea verklaar in terme van die Wet op Dieregesondheid, Wet 35 van 1984 ten einde enige beheermaatreël in werking te stel om die beweging van diere en diereprodukte, **IN, BINNE, DEUR** en **UIT** 'n siektebeheerarea (DMA), te beheer/kontroleer ten einde 'n dieresiekte of die verspreiding van 'n dieresiekte, te bekamp. **Dit is belangrik om daarop te let dat 'n Bewegingsbeheerprotokol opgestel word vir elke DMA en dit mag gewysig word.**

Die term DMA is bloot 'n gemaklike beskrywing vir *"Particular defined area*" soos omskryf in **Artikel 9(1)(b)** van die **Wet op Dieresiektes, Wet 35 van 1984**

9 Beheermaatreëls

(1) (a) Die Minister kan vir enige beheerde doel algemene beheermaatreëls, of besondere beheermaatreëls ten opsigte van bepaalde dieresiektes en parasiete, voorskryf.

(b) 'n Beheermaatreël kan ten opsigte van die hele Republiek, of ten opsigte van 'n bepaalde omskrewe gebied, voorgeskryf word.

(c) Indien 'n beheermaatreël vir 'n bepaalde gebied onder die beheer van 'n beampte voorgeskryf word, moet die direkteur alle eienaars en bestuurders van grond, en eienaars van diere, in daardie gebied, op die voorgeskrewe wyse in kennis stel van die gebied waarin en, waar van toepassing, die tydperk waarbinne die beheermaatreël van toepassing is.

(d) 'n Beheermaatreël bly van krag, indien 'n tydperk vir die duur daarvan voorgeskryf is, totdat die tydperk verstryk het of, in enige ander geval, totdat dit deur die Minister ingetrek word.

(2) Beheermaatreëls kan betrekking hê op

a) die bevoegdhede en pligte van eienaars en bestuurders van grond, en eienaars van diere, ten opsigte van besmetlike en besoedelde dinge, of van diere of dinge wat op redelike gronde vermoed kan word met 'n beheerde dieresiekte of 'n parasiet besmet of besoedel te wees, met betrekking tot beheerde veterinêre handelinge, of enige ander ondersoeke of handelinge in verband met sodanige diere en dinge;

(b) die sertifikate of ander dokumente wat as bewys van, of in verband met, die verrigting van sodanige ondersoeke en handelinge uitgereik, gegee, verkry, gehou of getoon moet word;

(c) beperkings op en beheer oor die slag, doding, jag of vang en die beweging en verwydering van sodanige diere en dinge op, oor, vanaf of na grond waar 'n beheerde dieresiekte of parasiet voorkom òf vermoedelik aanwesig is;

(d) behoudens toepaslike bepalings van enige ander wet, beperkings op en beheer oor die beweging van vervoermiddels en persone op, oor, vanaf of na grond waar enige dier of ding bedoel in paragraaf (a) aanwesig is of was, of vermoedelik aanwesig is of was, en die ontsmetting of enige ander wyse van behandeling van enige persoon, vervoermiddel of ander voorwerp;

(e) die bevoegdhede en pligte van eienaars ten opsigte van sodanige diere en dinge, of van die direkteur met betrekking tot die oprigting of aanbring van heinings of ander tydelike of permanente strukture en toestelle, tesame met die nodige toerusting of bybehore, op grond, en die gebruik, instandhouding en verwydering daarvan;

(f) besonderhede en inligting wat eienaars ten opsigte van sodanige diere en dinge in registers of ander dokumente moet aanteken;

(g) die bevoegdhede en pligte van die direkteur, met inbegrip van bevoegdhede en om van eienaars ten opsigte van sodanige diere en dinge, of van eienaars of bestuurders van grond, die verrigtings of nalaat van handelinge te vereis; en

(h) enige ander aangeleentheid wat die Minister ten opsigte van die betrokke beheerde doel, sodanige diere en dinge, of 'n dieresiekte of parasiet, dienstig of nodig ag, en die algemeenheid van die bevoegdhede deur hierdie paragraaf verleen, word nie deur die bepalings van die voorafgaande paragrawe beperk nie.

Mag diere vervoer word <u>DEUR</u> ‘n DMA ?

Die diskresie van die beweging van die diere berus by die Direkteur by wyse van ‘n spesiale permit, **<u>MAAR ANDERSINS</u>** word dit geag dat geen lewendige dier deur ‘n siektebeheerarea (DMA) vervoer mag word nie, **BEHALWE as die diere bestem is vir slagdoeleindes** en dan is die voorgeskrewe dokumentasie ter sprake (soos genoem hieronder).

Die beweging van diere **DEUR** ‘n DMA kan slegs geskied by wyse van ‘n spesiale permit. Enige aansoek vir spesiale toestemming onder die Bewegingsbeheerprotokol moet gerig word aan die BKS Siektebeheerarea Permitkantoor van die betrokke provinsie. Indien die provinsiale kantoor die aansoek ondersteun, moet dit verwys word na die nasionale Direkteur van Dieregesondheid vir goedkeuring.

BEWEGING VAN LEWENDIGE BEESTE, SKAAP EN BOKKE

Die beweging van lewendige beeste, skaap en bokke is **ONWETTIG** in die volgende areas :-

- Siektebeheerareas (DMA’s) van **KwaZulu-Natal, Vrystaat** en **Limpopo provinsies BEHALWE** met betrekking tot aktiwiteite genoem onder paragraaf 4 van die regulasies vir **DIREKTE SLAGTING** en paragraaf 5 **SLAGTING VIR EIE GEBRUIK**.
- Eiendom wat **ONDER KWARANTYN GEPLAAS** is vir bek-en-klouseer **DEUR ‘N STAATSVEEARTS behalwe** deur ‘n **skriftelike toestemming van ‘n staatsveearts.**

BEWEGING VAN LEWENDIGE BEESTE, SKAAP EN BOKKE VIR DIREKTE SLAGTING

Beeste, skaap en bokke **MAG VERSKUIF** word na ‘n **GEREGISTREERDE ABATTOIR** vir slagdoeleindes op die volgende **voorwaardes** :-

- Slegs nadat ‘n **aansoek om beweging** toegestaan is **vir klinies gesonde diere**, wat deur ‘n **gesondheidsertifikaat** of **kliniese ondersoek van die diere** binne **48 uur** die beweging **voorafgegaan** het deur ‘n **veearts** en die

gesondheidsertifikaat MOET getoon word aan die **staatsveearts** verantwoordelik vir die betrokke area waarin die plaas/eiendom/grond voorkom.

- Nadat ‘n **aansoek om slagting goedgekeur is** by ‘n abattoir wat voldoen aan ‘n **geldige registrasie** en **voldoen** aan die Wet op Vleisveiligheid, Wet 40 van 2000 en die Rooivleisregulasies afgekondig kragtens Afdeling 22 van die Wet op Vleisveiligheid, Wet 40 van 2022 (soos gewysig).
- Die **staatsveearts verantwoordelik** vir die gebied waar die **plaas/eiendom/grond van oorsprong** is, sal ‘n **permit vir die beweging** uitreik wat die diere na die **abattoir <u>vergesel</u>** en heg ‘n afskrif van die **gesondheidsertifikaat soos uitgereik deur die veearts** aan as bevestiging dat die diere vry is van enige kliniese tekens van bek-en-klouseer in die 48 uur wat die beweging **voorafgegaan** het.
- Die **beweging** van die diere **<u>MOET DIREK</u>** vanaf die plaas/eiendom/grond na die **geregistreerde abattoir** vervoer word en **mag nie** *en route* stop vir enige periode/tydsverloop nie.

<u>SLAGTING VIR EIE GEBRUIK</u>

Beeste, skaap en bokke mag geslag word in die DMA’s vir **eie gebruik** of vir **kulturele/geloofsdoeleides, <u>op die volgende voorwaardes</u> :-**

- Diere moet geslag word in **DIESELFDE epidemiologiese area** (DMA) waar hulle gehou was **<u>voor</u>** die slagting;
- **<u>GEEN VLEIS OR DIERLIKE PRODUK</u>** afkomstig van die geslagte dier **vir eie gebruik <u>mag aan enige ander persoon verkoop word nie</u>**.

BEPERKING OP DIE BEWEGING VAN DIERE, DIEREPRODUKTE EN GENETIESE MATERIAAL BUITE DIE AREAS GESPESIFISEER AS DIE SIEKTEBEHEERAREAS (DMA'S)

Die beweging van beeste, skaap en bokke in die provinsies en gebiede **BUITE DIE SIEKTEBEHEERAREAS (DMA'S)** vir die doel van **VEILINGS, PLAAS-TOT-PLAAS, PLAAS-TOT-VOERKRAAL, PLAAS-TOT-ABATTOIR** en enige beweging **tussen eienaars wat nie spesifiek genoem is nie, moet** vergesel wees van die volgende dokumentasie :-

- Eienaarsverklaring wat die oorsprong en dieregesondheidstatus verklaar;
  Volgens Staatskoerant Nr. 43900 207 gedateer 13 November 2020 is die Eienaar se dieregesondheidsverklaring *'n getekende verklaring van die eienaar van die diere, wat*
  - Die naam en ligging van die plaas/eiendom/grond van oorsprong weergee;
  - Die diere gemerk is (brandmerk/tatoeëer) met die nodige identifikasiemerke soos van toepassing onder die Wet op die Identifikasie van Diere, Wet 6 van 2002;
  - Die afwesigheid van sigbare/kliniese tekens van 'n dieresiekte/parasiete verklaar;
  - Die afwesigheid van onverwagte vrektes op die eiendom/plaas/grond van oorsprong binne die laaste 28 dae, verklaar;
  - Geen nuwe diere die laaste 28 dae op die eiendom/plaas/grond ingebring is nie;
  - Waar moontlik en spesifiek in tye van siektebeheerbeperkingsmaatreëls in spesifieke areas, bevestiging van die gesondheidstatus deur die plaas/eiendom/grond se veearts gelewer word **(Addendum "A" van die dokument – APAC Biosekuriteitsmaatreëls);**

- Onderneming van die persoon/individue wat die diere by aankoms in ontvangs neem en verklaar dat die diere geïsoleer sal word op die plaas van aankoms vir **ten minste 28 dae** voordat dié diere aan die res van die kudde blootgeslel word. *Sien artikel 9(2)(b) van die Wet op Dieregesondheid, Wet 35 van 1984. In wese is dit 'n eienaarsverklaring aan homself/haarself en moet beskikbaar wees sou dit geïnspekteer word*.

- Die Wet op Veediefstal, Wet 57 van 1959 met spesifieke verwysing na **Artikels 6** en **8** is ook **van toepassing**. **(Addendum 'B')**